# *Boekbesprekings / Book Reviews*

**Outeur:** ELP Stals
**Titel:** *Jagters, Slagters en Wildwagters in Suidwes-Afrika: Kroniek van Mens en Wild: Die verhaal tot 1960.*
**Plek en uitgewer:** Windhoek: Padlangs Publications, 2022.

Ernst Stals doen oor die afgelope ongeveer sestig jaar navorsing oor die geskiedenis van Suidwes-Afrika/Namibië. Sy werke getuig van ’n besondere aanvoeling vir die land, wat hy van hoek tot kant deurreis het, en sy mense. In sy navorsing laat hy hom nie lei deur die politieke gees van die tyd nie en gee hy erkenning aan elke volksgroep wat hierdie besondere land se geskiedenis help vorm het.

Stals se navorsing is geskoei op die lees van die Stellenbosse Geskiedenis-departement se tradisie van omvangryke primêre argivale navorsing. ’n Tradisie wat hy ook in hierdie publikasie voortsit.

Die 13 hoofstukke waarin *Jagters*, ens. ingedeel is, volg logies op mekaar en toon Stals se insig in die tema. Dit dek kortliks die volgende:

- Van die voor-Duitse tyd toe die inheemse volksgroepe vir oorlewing gejag het, tot die fase waarin die gejaag na wins gedreig het om die wildbevolking uit te roei
- Die Duitse bewind wat ten spyte daarvan dat dit eers sy voete in die koloniale wêreld moes vind, die eerste stappe – al was dit aanvanklik net op papier – geneem het om die land se wildstapel te beskerm
- Die tydperk van militêre bewind ná die Eerste Wêreldoorlog toe ’n raamwerk vir toekomstige wildbewaring daargestel is
- Die Suid-Afrikaanse bewind tot die Tweede Wêreldoorlog toe wetgewing vir wildbewaring in meer besonderhede uitgevaardig is wat onder andere gelei het tot die skep van wildreservate waarvan dié by Etosha die belangrikste was
- Die politieke binnegevegte om te besluit watter departement eintlik vir wildbewaring verantwoordelik moet wees en die probleme wat dit geskep het
- Die rol van persoonlikhede in die stryd om en die omskepping van wildbewaring tot ’n toeriste-aantrekkingskrag

Die wyse waarop Stals sy materiaal aanbied deur eers ’n kort hoofpuntsgewyse oorsig van die hoofstuk te gee; dit op te volg met ’n feitelike uiteensetting; en dit daarna af te sluit met ’n samevattende oorsig, dra baie daartoe by om die leser deurgaans betrokke te hou.

Die skrywer verskaf nie slegs feite oor *wat* gebeur het nie maar toon sy insig in *waarom* dit gebeur het.

In hierdie opsig verduidelik hy die rol van die land se geografie en demografie; die stryd tussen jag, uitwissing en handel; asook die konflik tussen die inkomende blanke boere, wat telkens weens die droogtes in ’n oorlewingstryd was, en die bewaring van die land se wildstapel. Tesame daarmee beskryf hy die mate waarin amptenaar en boer na oplossings vir hierdie probleem gesoek het. Terselfdertyd verwys die skrywer na die mate waarin die regering van die dag óf in die gees van internasionale standpunte opgetree het óf as gevolg van plaaslike omstandighede daarvan verskil het.

*Jagters*, ens. is ryklik geïllustreer met foto’s en insette van byvoorbeeld oorspronklike briewe wat die gehalte van die publikasie aansienlik verhoog.


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n2a16

Wat die teks betref, is daar enkele opmerkinge.

- Die skrywer het verkies om die gedetailleerde beskrywing van die wildsoorte in die teks te plaas (pp. 4-9). Sou dit die gang van die teks versteur het indien dit as ’n aanhangsel aangebied is?
- Waarom sou “rietbokke” as grootwild én kleinwild aangedui word?
- Waar die grense van die wildreserwes bespreek word, sou enkele kaarte ongetwyfeld die leser gehelp het om die probleem beter te verstaan (pp. 84,190).
- Die drukkersduiwel het ook sy rol gespeel ten opsigte van paragrafering (pp. 13, en 94) en sinsnede-spasiëring (pp. vi en 112).

Met hierdie publikasie lewer Ernst Stals ’n gesaghebbende en noodsaaklike bydrae ten opsigte van die wetenskaplike navorsing en skrywe van Namibië se kleurryke geskiedenis en is ’n belangrike gaping in die land se geskiedskrywing gevul.

**Dr. G Pool**
E-pos: docpool@mweb.co.za
Maart 2023


doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n2a16